# PERSOONLIKE SAMBREELAANSPREEKLIK-HEID AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Skadevergoeding waarvoor die Versekerde of Medeversekerde regtens aanspreeklik word om te betaal in hulle privaat hoedanigheid opvolgend tot Besering of Skade wat enige plek in die wêreld plaasvind gedurende die versekeringstydperk van hierdie afdeling onderhewig aan die skadeloosstellingsgrondslag soos hieronder uiteengesit.

## OMSKRYWINGS

**Medeversekerde** sal beteken die gade van die Versekerde en enige ander familielid van die Versekerde of familielid van die gade van die Versekerde, met dien verstande dat:

1. die voormelde familielede normaalweg by die Versekerde inwoon;
2. sodanige Medeversekerdes nie geregtig is op skadeloosstelling ingevolge enige ander versekering nie;
3. elkeen van sodanige Medeversekerde sal, asof hulle die Versekerde is, die bepalings, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en van hierdie polis vir sover hulle van toepassing kan wees, nakom, uitvoer en daaraan onderworpe wees.

**Koste en uitgawes** sal beteken koste, uitgawes en regskoste verhaalbaar van die Versekerde of ‘n Medeversekerde deur ‘n eiser of enige aantal eisers of aangegaan deur die Maatskappy of aangegaan deur die Versekerde met die Maatskappy se vooraf toestemming:

1. in die verdediging of skikking van enige eis ingevolge hierdie afdeling van die polis of enige handeling of vervolging wat teen die Versekerde of ‘n Medeversekerde aanhangig gemaak word met betrekking tot Besering of Skade of ander aanspreeklikheid soos verseker in terme van hierdie afdeling van die polis.
2. in die verteenwoordiging by enige geregtelike doodsondersoek of ongeluksnavraag met betrekking tot Besering wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling van die polis mag uitmaak en/of in verdediging van enige verrigtinge in ‘n Hof met toepaslike jurisdiksie met betrekking tot aangeleenthede wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling van die polis mag uitmaak.

**Skade** sal beteken toevallige verlies van of fisiese skade aan tasbare eiendom.

**Besering** sal beteken toevallige dood, liggaamlike besering of siekte (geestelik of fisies) of kwaal van enige persoon buiten besering aan:

1. die Versekerde, enige Medeversekerde of ander familielid van die Versekerde, of
2. enige persoon in diens by die Versekerde of Medeversekerde indien sodanige dood, liggaamlike besering of siekte (geestelik of fisies) of kwaal voortspruit uit en/of gedurende die diens van sodanige persoon by die Versekerde of Medeversekerdes.

**Versekerde** vir die doeleindes van hierdie afdeling sal beteken en beperk wees tot daardie individue genoem in

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

die bylae van die afdeling: Persoonlike Regsaanspreeklikheid van hierdie polis as gedek.

**Onderliggende versekering** sal beteken ‘n bestaande versekeringspolis van krag by:

1. ‘n Geregistreerde Suid-Afrikaanse versekeraar in Suid-Afrika wat een of meer van die volgende dek:
    - 1.1 Persoonlike Aanspreeklikheid;
    - 1.2 Eiendomsaanspreeklikheid;
    - 1.3 Huurdersaanspreeklikheid;
    - 1.4 Motoraanspreeklikheid;
    - 1.5 Watervaartuigaanspreeklikheid;
2. Enige versekeraar buite die Republiek van Suid-Afrika wat een of meer van die volgende dek:
    - 2.1 Motoraanspreeklikheid;
    - 2.2 Watervaartuigaanspreeklikheid;
    - 2.3 Eiendomsaanspreeklikheid;

maar nie ‘n versekeringspolis ten opsigte van enige motorvoertuig wat die Versekerde of Medeversekerde gehuur het, op bruikhuur het of besit het, of ten opsigte van enige watervaartuig of eiendom wat die Versekerde of Medeversekerde besit buite die Republiek van Suid-Afrika, Lesotho, Swaziland, Mosambiek, Zimbabwe, Botswana, Namibië en Malawi.

# SKADELOOSSTELLINGSPERKE

Die bedrag betaalbaar, met inbegrip van enige Koste en Uitgawes, vir enige eis of aantal eise vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse met een oorspronklike oorsaak of bron, beloop hoogstens die Skadeloosstellingsperk vermeld in die bylae.

Waar meer as een versekeringstydperk van hierdie polis van toepassing mag wees op ‘n oorspronklike oorsaak of bron, opvolgend tot die hernuwing of vervanging daarvan, sal die Maatskappy se aanspreeklikheid beperk wees tot die maksimum Skadeloosstellingsperk vir enige enkele sodanige versekeringstydperk. Indien die premie maandeliks deur middel van debietorder betaal word, word die woord “versekeringstydperk” verander om te lees “vir enige enkele tydperk van 12 agtereenvolgende maande vanaf die intree- of hernuwingsdatum”.

Waar die Versekerde, bykomend tot hierdie afdeling, in sy besigheidsnaam verseker is ingevolge die Gemeenregtelike Aanspreeklikheid afdeling en/of Kommersiële Sambreelaanspreeklikheid afdeling van hierdie polis, sal die Maatskappy die besigheid en individu apart, en nie gesamentlik nie, skadeloos stel, met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die som sal beloop van die Skadeloosstellingsperk wat in die bylae vermeld word vir die Persoonlike Regsaanspreeklikheid afdeling en Persoonlike Sambreelaanspreeklikheid afdeling, of alternatiewelik, die som van die Skadeloosstellingsperk van die Gemeenregtelike Aanspreeklikheid afdeling en Kommersiële Sambreelaanspreeklikheid afdeling, wat ook al die hoogste is.

# SKADELOOSSTELLINGSGRONDSLAG

Die Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie afdeling verskaf skadeloosstelling soos omskryf ingevolge Grondslag 1, 2 en 3 hieronder:

**Grondslag 1 – Oorskotlaagdekking:** Hierdie grondslag verleen skadeloosstelling onderhewig aan die Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie afdeling waar die eis deur die bepalings van die Onderliggende Versekering gedek word, maar slegs in die mate wat die eis nie deur sodanige Onderliggende Versekering in geheel gedek word nie, uitsluitlik vanweë die ontoereikendheid van die onderliggende skadeloosstellingsperk, met dien verstande dat:

1. die dekking wat deur hierdie grondslag verskaf word onderhewig is aan dieselfde terme, uitsluitings en voorwaardes as die Onderliggende Versekering;

Vir interne maklaargebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

2. die Onderliggende Versekering en die onderliggende Versekeraar het betaal en aanspreeklikheid erken of is aanspreeklik gehou om die volle skadeloosstellingsperk te betaal in terme van die Onderliggende Versekering;

3. skadeloosstelling ingevolge hierdie grondslag sal funksioneer bo die skadeloosstellingsperk van die Onderliggende Versekering of die perke soos in die bylae van hierdie afdeling vermeld, genaamd "Minimum Skadeloosstellingsperk van Onderliggende Versekering", wat ook al die meeste is.

**Grondslag 2 - Verskil in voorwaardes:** Hierdie grondslag verleen skadeloosstelling onderhewig aan die Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie afdeling waar die eis binne die Omskrewe Gebeurtenisse van die Onderliggende Versekering val, maar waar sodanige eis geweier word vanweë 'n uitsluiting van die Onderliggende Versekering.

**Grondslag 3 - Bykomende Risiko's-dekking:** Hierdie grondslag verleen skadeloosstelling waar die eis buite die omvang van die Omskrewe Gebeurtenisse van enige Onderliggende Versekering val, maar binne die bestek van Omskrewe Gebeurtenisse van hierdie afdeling.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die Maatskappy sal nie die Versekerde skadeloos stel nie met betrekking tot:

1. enige uitspraak, toekenning, betaling of skikking gemaak binne enige land wat onderhewig is aan die wette van die Verenigde State van Amerika of Kanada (of onderhewig is aan enige bevel wat op enige plek in die wêreld gemaak is om sodanige uitspraak, toekenning of skikking hetsy in geheel of gedeeltelik uit te voer);

2. aanspreeklikheid wat voortspruit uit of in die loop van die Versekerde se diens, besigheid of professie insluitende, maar nie beperk nie, tot die verkoop van enige goedere of die lewer van dienste teen 'n fooi, beloning of enige ander vergoeding;

3. aanspreeklikheid wat voortspruit uit die verhuring en/of die huur van enige roerende of onroerende eiendom of gedeelte daarvan teen 'n fooi, beloning of enige ander vergoeding. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing nie indien die eiendom 'n gebou of struktuur is, insluitende die grond waarop dit geleë is, wat gebruik word as 'n privaat woonhuis en sodanige aanspreeklikheid is gedek deur enige Onderliggende Versekering;

4. aanspreekllikheid voortspruitend uit die roekelose minagting deur die Versekerde van die moontlike gevolge van sy dade of versuim;

5. aanspreeklikheid van een Versekerde of Medeversekerde teenoor 'n ander Versekerde of Medeversekerde of enige vorige Versekerde of Medeversekerde ten opsigte van 'n gebeurtenis gedurende enige tydperk waartydens sodanige vorige Versekerde of Medeversekerde verseker was deur die Onderliggende Versekering;

6. aanspreeklikheid wat voortspruit uit die verlies van of skade aan eiendom tot die mate dat sodanige aanspreeklikheid in terme van enige ander versekeringskontrak skadeloos gestel word;

7. aanspreeklikheid wat voortspruit uit die eienaarskap of gebruik van enige lugvaartuig behalwe 'n model lugvaartuig of 'n hangsweeftuig;

8. aanspreeklikheid vir dood van of liggaamlike besering wat die onderwerp is van enige statutêre of soortgelyke wetgewing wat die gebruik van motorvoertuie of sleepwaens beheer en ten opsigte waarvan:

   8.1 die Versekerde verplig is om versekering te verkry of om sekuriteit te stel of;

   8.2 die staat of ander regeringsliggaam of owerheid aanspreeklikheid aanvaar het;

9. enige eis ten opsigte van motoraanspreeklikheid behalwe soos verskaf in terme van grondslag 1 of omrede enige verlies uitgesluit is alleenlik omrede dit plaasvind buite enige gebiedsbeperkings;

10. enige eis ten opsigte van watervaartuigaanspreeklikheid:

    10.1 behalwe soos verskaf in terme van grondslag 1 of omrede enige verlies uitgesluit is alleenlik omrede dit plaasvind buite enige gebiedsbeperkings;

    10.2 waar die totale lengte van die watervaartuig 15 meter oorskry;

11. die verlies van of skade aan enige selfaangedrewe landvoertuig, sleepwa, woonwa, watervaartuig of lugvaartuig in die Versekerde se sorg, bewaring of beheer;

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

12. aanspreeklikheid wat voortspruit uit enige oneerlike, bedrieglike of opsetlike daad van die Versekerde of dade van fisiese aanranding of verleiding deur die Versekerde gepleeg;

13. aanspreeklikheid vir die betaling van enige boete, straf, veelvuldige, bestraffende of verswarende skadevergoeding of wat voortspruit uit gelikwideerde skadevergoeding, klousules, strafklousules of prestasiewaarborge, behalwe tot die mate dat dit bewys kan word dat aanspreeklikheid in ieder geval in die afwesigheid van sodanige klousules of waarborge sou bestaan het;

14. enige skuld;

15. die versuim om enige onderhoud of versorging of enige ander bedrae te betaal na die verbreking van 'n belofte;

16. aanspreeklikheid voortspruitend uit die aankoop, verkoop, ruil of omruiling van enige roerende of onroerende eiendom of die versuim van die Versekerde om aan enige verpligting in verband daarmee te voldoen;

17. aanspreeklikheid wat voortspruit uit enige toestand wat direk of indirek veroorsaak is deur of verband hou met die "Human Immune Virus " (HIV) of die veranderings, afleidings of variasies daarvan of in enige opsig verband hou met die Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (VIGS) of enige sindroom of toestand van 'n soortgelyke aard, hoe dit ook al genoem sou word;

18. aanspreeklikheid voortspruitend uit konfiskering, nasionalisering of rekwisisie of vernietiging van of skade aan eiendom op bevel van of deur enige regering de jure of de facto regering of enige openbare owerheid.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Skadeloosstelling wat kragtens hierdie afdeling verleen word, is onderhewig daaraan dat daar ten tye van die gebeurtenis 'n Onderliggende Versekeringspolis van krag is wat genoegsame dekking verskaf ten opsigte van die soort van aanspreeklikheid waarvoor skadeloosstelling hierkragtens versoek word en op voorwaarde dat die Versekerde nie enige van die voorwaardes van sodanige Onderliggende Versekering verbreek nie.

2. Die afdeling is onderhewig aan die wette van die Republiek van Suid-Afrika waarvan die howe uitsluitlike jurisdiksie ten opsigte van enige dispuut tussen die Maatskappy en die Versekerde sal hê.

3. Die Maatskappy mag die verdediging of skikking van enige eis oorneem of dit in die naam van die Versekerde voortsit ten opsigte van enige eis wat nie ten minste gedeeltelik deur die Onderliggende Versekering gedek word nie en mag sodanige verdediging of skikking in die naam van die Versekerde vir hulle eie voordeel voortsit en sal volle diskresie hê in die voer van enige geding en in die skikking van enige eis. Die Versekerde moet alle nodige inligting en bystand soos wat die Maatskappy verlang, gee.

4. Betalings in terme van hierdie afdeling is betaalbaar in die Republiek van Suid Afrika en in die geldeenheid van die Republiek van Suid-Afrika.

5. Die behoorlike nakoming van en voldoening aan alle bepalings van hierdie afdeling en die Algemene afdeling wat vereis dat iets deur die Versekerde gedoen of aan voldoen moet word, is 'n opskortende voorwaarde vir enige aanspreeklikheid van die Maatskappy ten opsigte van enige gebeurtenis waarvoor die Versekerde 'n eis in terme van hierdie afdeling ~~kan~~ instel.

6. Geen erkenning, aanbod, belofte of betaling mag ten opsigte van 'n eis in terme van hierdie afdeling gemaak of gegee word deur of namens die Versekerde nie sonder die skriftelike toestemming van die Maatskappy. Die Versekerde moet alle redelike stappe doen om te verseker dat die onderliggende versekeraars sal voldoen aan hierdie voorwaarde en met die Maatskappy sal saamwerk in die verdediging en skikking van enige eis wat deur beide die Onderliggende Versekering en hierdie afdeling gevrywaar word en in die uitoefening van enige subrogasiereg. Die koste aangegaan in die uitoefening van sulke regte en enige bedrae verhaal sal tussen die partye gedeel word in ooreenstemming met die bedrae wat betaal is of betaalbaar is in terme van die onderskeie polisse.

Vir interne makelaarsgebruik alleen - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge